



**STAATSKOERANT**  
**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**  
**GOVERNMENT GAZETTE**

REGULASIEKOERANT No. 3432

REGULATION GAZETTE No. 3432

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

BUITELANDS 40c ABROAD

Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

Vol. 204

PRETORIA, 4 JUNE 1982  
JUNE

No. 8226

**PROKLAMASIES**

*Van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 94, 1982

WYSIGINGSWET OP WYN, ANDER GEGISTE DRANK EN SPIRITUALIEË, 1976 (WET 68 VAN 1976)

WYSIGING VAN DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wysigingswet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1976 (Wet 68 van 1976), verklaar ek hierby dat paragraaf (b) van Proklamasie R. 247, 1980 deur die volgende paragrawe vervang is:

“(b) die bepalings van artikels 3, 5 (b), 7, 8, 9 en 14 van genoemde Wet op 1 Julie 1982 in werking tree; en

(c) die oorblywende bepalings van artikel 13 van genoemde Wet op 1 Januarie 1987 in werking tree.”

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. T. C. DU PLESSIS.

No. R. 95, 1982

PENSIOENREGTE VAN GEBIEDSLEDE

Kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agtste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

L. A. P. A. MUNNIK.

**PROCLAMATIONS**

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 94, 1982

WINE, OTHER FERMENTED BEVERAGES AND SPIRITS AMENDMENT ACT, 1976 (ACT 68 OF 1976)

AMENDMENT OF DATE OF COMMENCEMENT OF CERTAIN PROVISIONS OF THE ACT

Under the powers vested in me by section 17 of the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Amendment Act, 1976 (Act 68 of 1976), I hereby declare that paragraph (b) of Proclamation R. 247, 1980 has been substituted by the following paragraphs:

“(b) the provisions of sections 3, 5 (b), 7, 8, 9 and 14 of the said Act shall come into operation on 1 July 1982; and

(c) the remaining provisions of section 13 of the said Act shall come into operation on 1 January 1987.”

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fourteenth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty-two.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. T. C. DU PLESSIS.

No. R. 95, 1982

PENSION RIGHTS OF TERRITORIAL MEMBERS

By virtue of section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby make the laws contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Eighth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty-two.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

L. A. P. A. MUNNIK.

## BYLAE

## WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“aftreedatum” die datum voor die vasgestelde datum met ingang waarvan ’n gebiedslid aftree, afgedank of ontslaan word of uit sy diens bedank of ’n rustende lid word;

“bydraende lid” ’n lid van ’n pensioenfonds wat tot bedoelde fonds bydra of moet bydra;

“die Administrasie” die Administrasie van Suidwes-Afrika, bedoel in Proklamasie 111 van 1980;

“die formule” die formule 1,06<sup>n</sup>, in welke formule “n” die tydperk in jare en ’n gedeelte van ’n jaar voorstel waar tydens die betrokke persoon ’n rustende lid was;

“gebiedslid” iemand wat kragtens paragraaf 2 (1) ’n lid van ’n pensioenfonds bly;

“pensioendatum”, met betrekking tot ’n rustende lid, dié datum met ingang waarvan bedoelde lid kragtens die bepaling van die toepaslike pensioenwet met pensioen aftree/afgedank of ontslaan word;

“pensioenfonds” die Regeringsdienspensioenfonds of die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers, onderskeidelik ingestel kragtens die Regeringsdienspensioenwet, 1973 (Wet 57 van 1973), en die Wet op die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers, 1979 (Wet 75 van 1979);

“pensioenvoordeel” ’n gratifikasie of ’n jaargeld betaalbaar ingevolge die bepaling van ’n toepaslike pensioenwet;

“rustende lid” ’n rustende lid bedoel in paragraaf 3 (1);

“Statutêre Instellingspensioenfonds” die Statutêre Instellingspensioenfonds ingestel by artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980 (Wet 3 van 1980), van die gebied Suidwes-Afrika;

“toepaslike pensioenwet”, met betrekking tot iemand in paragraaf 2 (1) bedoel of ’n gebiedslid of ’n rustende lid, die Regeringsdienspensioenwet, 1973, of die Wet op die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers, 1979, of ’n ander Wet van die Parlement wat betrekking het op ’n voordeel betaalbaar kragtens die een of ander van eersgenoemde twee wette en ook die reëls en regulasies kragtens enige van voormelde wette uitgevaardig, met inbegrip van enige wysiging van bedoelde wette, reëls of regulasies, wat onmiddellik voor 1 Julie 1980 op of ten opsigte van so iemand van toepassing was of wat kragtens die bepaling van hierdie Proklamasie op of ten opsigte van sodanige gebiedslid of rustende lid van toepassing is;

“vasgestelde datum” 30 Junie 1983;

en het ’n woord waaraan in ’n toepaslike pensioenwet ’n betekenis geheg is, daardie betekenis.

#### BEHOUD VAN DIE PENSIOENREGTE VAN GEBIEDSLEDE

2. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalinge maar behoudens die bepalinge van hierdie Proklamasie, bly iemand wat onmiddellik voor 1 Julie 1980 ’n werknemer of onderwyser in diens van die Administrasie en ’n lid van ’n pensioenfonds was, tot en met die vasgestelde datum of die aftreedatum, watter datum ook al die vroegste datum is, ’n lid van die pensioenfonds waarvan hy aldus ’n lid was en bly die toepaslike pensioenwet op of ten opsigte van hom, sy weduwee, afhanklike of boedel van toepassing.

## SCHEDULE

## DEFINITIONS

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

“contributing member” means a member of a pension fund who contributes or is obliged to contribute to such fund;

“dormant member” means a dormant member contemplated in paragraph 3 (1);

“fixed date” means 30 June 1983;

“pension benefit” means a gratuity of annuity payable in terms of the provisions of a relevant pension Act;

“pension date” means, with regard to a dormant member, the date with effect from which the said member, in terms of the provisions of the relevant pension act, retires on pension/is retired or discharged;

“pension fund” means the Government Service Pension Fund or the Temporary Employees Pension Fund established under the Government Service Pension Act, 1973 (Act 57 of 1973), and the Temporary Employees Pension Fund Act, 1979 (Act 75 of 1979), respectively;

“relevant pension act” means, with regard to any person referred to in paragraph 2 (1), a Territorial member or a dormant member, the Government Service Pension Act, 1973, or the Temporary Employees Pension Fund Act, 1979, or any other Act of Parliament that relates to a benefit payable in terms of either of the above-mentioned two Acts and also the rules and regulations made under any of the above-mentioned Acts, including any amendment of such Acts, rules or regulations, which was applicable to or in respect of such person immediately prior to 1 July 1980 or which is applicable to or in respect of such Territorial member or dormant member in terms of the provisions of this Proclamation;

“retirement date” means the date prior to the fixed date with effect from which a Territorial member retires, is retired or discharged or resigns from his service or becomes a dormant member;

“Statutory Institutions Pension Fund” means the Statutory Institutions Pension Fund established under section 2 of the Statutory Institutions Pension Act, 1980 (Act 3 of 1980), of the Territory of South-West Africa;

“Territorial member” means a person who shall remain a member of a pension fund in terms of paragraph 2 (1);

“the Administration” means the Administration of South-West Africa referred to in Proclamation 111 of 1980;

“the formula” means the formula 1,06<sup>n</sup>, in which formula “n” represents the period in years or portions of a year during which the person concerned was a dormant member;

and any word to which a meaning has been attached in a relevant pension Act bears the same meaning.

#### RETENTION OF THE PENSION RIGHTS OF TERRITORIAL MEMBERS

2. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of this Proclamation, any person who was an employee or teacher in the service of the Administration immediately prior to 1 July 1980 and was a member of a pension fund shall remain a member of the pension fund of which he was thus a member up to and including the fixed date or the retirement date, whichever date may be the earlier, and the relevant pension Act shall continue to be applicable to or in respect of him, his widow, dependant or estate.

(2) Indien 'n gebiedslid 'n aanstelling in die diens van die Republiek, met inbegrip van 'n provinsiale administrasie, aangebied word op voorwaardes wat nie minder gunstig is as die voorwaardes waarop hy dan ingevolge die een of ander wetsbepaling in diens is nie en hy weier of versuim om sodanige aanstelling binne een maand na die datum waarop dit hom aangebied is skriftelik te aanvaar, word hy vir die doeleindes van sy afdanking of ontslag en van die bepaling van enige pensioenvoordeel wat ingevolge die toepaslike pensioenwet aan hom betaalbaar is, geag uit laasgenoemde diens te bedank het met ingang van die datum wat onmiddellik op die vasgestelde datum volg.

(3) Indien 'n gebiedslid teen die vasgestelde datum geen aanstelling soos in subparagraaf (2) van hierdie paragraaf bedoel, aangebied is nie, word hy, by die toepassing van die bepalings van die toepaslike pensioenwet, geag weens die afskaffing van sy posafgedank of ontslaan te wees met ingang van die datum wat onmiddellik op die vasgestelde datum volg.

#### REËLING VAN PENSIOENREGTE VAN RUSTENDE LEDE

3. (1) Indien 'n gebiedslid voor die vasgestelde datum en voor die datum waarop hy die reg sou hê om ingevolge die bepalings van die toepaslike pensioenwet met pensioen af te tree of uit diens te tree, onder verpligting kom om 'n lid van die Statutêre Instellingspensioenfonds te word en hy binne 90 dae nadat hy aldus onder verpligting kom of die langer tydperk wat die Direkteur-generaal: Gesondheid en Welsyn om gegronde rede goedkeur, skriftelik kies om sy lidmaatskap van die pensioenfonds waarvan hy 'n lid is, te behou, word hy, met ingang van die datum waarop hy opgehou het om tot die toepaslike pensioenfonds by te dra, 'n rustende lid van laasbedoelde pensioenfonds en—

(a) word sy pensioengewende diens as 'n lid of gebiedslid van laasbedoelde pensioenfonds nie by die toepassing van die wetsbepalings met betrekking tot die Statutêre Instellingspensioenfonds as pensioengewende diens gereken nie en bly die bepalings van die toepaslike pensioenwet, behoudens die bepalings van hierdie paragraaf, op of ten opsigte van hom van toepassing;

(b) is geen bydraes deur of ten opsigte van hom aan die pensioenfonds waarvan hy 'n rustende lid is betaalbaar nie vir die tydperk wat hy 'n rustende lid is;

(c) is geen pensioenvoordeel voor die pensioendatum uit laasbedoelde pensioenfonds aan hom betaalbaar nie;

(d) is hy, behoudens die bepalings van die toepaslike pensioenwet, met ingang van die pensioendatum, geregtig op die pensioenvoordele waarop hy geregtig sou gewees het indien hy op die dag onmiddellik voor die datum waarop hy 'n rustende lid geword het weens bereiking van die pensioenleeftyd afgedank of ontslaan is, vermenigvuldig met die resultaat van die formule;

(e) is die weduwee, afhanklike of boedel van 'n rustende lid wat voor die pensioendatum gesterf het met ingang van die dag onmiddellik na die datum van sy afsterwe en behoudens die bepalings van die toepaslike pensioenwet, geregtig op die pensioenvoordele waarop bedoelde weduwee, afhanklike of boedel geregtig sou gewees het indien sodanige rustende lid op die dag onmiddellik voor die datum waarop hy 'n rustende lid geword het, gesterf het, vermenigvuldig met die resultaat van die formule.

(2) Indien 'n rustende lid 'n bydraende lid word van die pensioenfonds waarvan hy 'n rustende lid is, hou hy, met ingang van die datum waarop hy 'n bydraende lid word, op om 'n rustende lid te wees.

#### KORT TITEL EN INWERKINGTREDING

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Pensioenregte van Gebiedslede, 1982, en word geag in werking te getree het op 1 Julie 1980.

(2) If a Territorial member is offered an appointment in the service of the Republic, including an appointment to a provincial administration, on conditions no less favourable than the conditions on which he is in service in terms of a provision of any law and he declines or omits to accept such appointment in writing within one month of the date on which it was offered to him, he shall, for the purposes of his retirement or discharge and for the purposes of the determination of any pension benefit payable to him in terms of the relevant pension Act, be deemed to have resigned from the last-mentioned service with effect from the date immediately following the fixed date.

(3) If a Territorial member has by the fixed date not been offered any appointment as contemplated in subparagraph (2) of this paragraph, he shall for the purposes of the provisions of the relevant pension Act be deemed to have been retired or discharged owing to the abolition of his post with effect from the date immediately following the fixed date.

#### ARRANGEMENT OF PENSION RIGHTS OF DORMANT MEMBERS

3. (1) If a Territorial member, prior to the fixed date and prior to the date on which he would have had the right to retire or leave the service on pension in terms of the provisions of the relevant pension Act, incurs an obligation to become a member of the Statutory Institutions Pension Fund and he elects in writing within 90 days of the date on which he has thus incurred an obligation or such longer period as the Director-General: Health and Welfare may for good reasons approve, to retain his membership of the pension fund of which he is a member, he shall with effect from the date on which he ceased to contribute to the relevant pension fund, become a dormant member of the last-mentioned pension fund and—

(a) his pensionable service as a member or Territorial member of the last-mentioned pension fund shall not be reckoned as pensionable service for the purposes of the legal provisions with regard to the Statutory Institutions Pension Fund and the provisions of the relevant pension Act, subject to the provisions of this paragraph, shall remain applicable to or in respect of him;

(b) no contributions by or in respect of him shall be payable to the pension fund of which he is a dormant member for the period for which he is a dormant member;

(c) no pension benefit shall be payable to him from the last-mentioned pension fund prior to the pension date;

(d) he shall, subject to the provisions of the relevant pension Act, be entitled with effect from the pension date to the pension benefits to which he would have been entitled had he been dismissed or discharged owing to the attainment of the pensionable age on the day immediately prior to the date on which he became a dormant member, multiplied by the result of the formula;

(e) the widow, dependant or estate of a dormant member deceased prior to the pension date shall be entitled, with effect from the day immediately after the date of the death of such member and subject to the provisions of the relevant pension Act, to the pension benefits to which such widow, dependant or estate would have been entitled had such dormant member died on the day immediately prior to the date on which he became a dormant member, multiplied by the result of the formula.

(2) If a dormant member becomes a contributory member of the pension fund of which he is a dormant member, he shall cease, from the date on which he becomes a contributory member, to be a dormant member.

#### SHORT TITLE AND COMMENCEMENT

4. This Proclamation shall be known as the Pension Rights of Territorial Members Proclamation, 1982, and shall be deemed to have come into operation on 1 July 1980.

No. R. 98, 1982

**REGULASIES VIR DIE ADMINISTRASIE VAN LEBOWA.—WYSIGING VAN PROKLAMASIE R. 31 VAN 1982**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25 van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 (1) van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), wysig ek hierby die Bylae by Proklamasie R. 31 van 1982, deur subregulasie (1) van regulasie 4 deur die volgende subregulasie te vervang:

“(1) Die Minister kan, met die goedkeuring van die Kabinet, sonder voorafgaande kennisgewing aan die betrokke persoon, ’n bevel uitreik teen ’n persoon, wat ’n kgosi of hoofman, aan wie se gesag hy onderworpe is, met oneerbiedigheid, minagting of bespottig bejeën of nalaat of versuim om daardie eerbied en gehoorsaamheid aan sodanige kgosi of hoofman te betoon as wat ooreenkomstig stamreg en gewoonte betoon moet word, wat hom verbied om sodanige deel van Lebowa soos in die bevel bepaal word, binne te gaan, daarin te wees of daarin te vertoef vir sodanige tydperk as wat die Minister bepaal.”.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Twee-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

**GOEWERMENSKENNISGEWINGS**

**DEPARTEMENT VAN FINANSIES**

No. R. 1060

4 Junie 1982

**DEWIESEBEHEERREGULASIES.—AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR**

Paragraaf 3 (a) van Goewermenskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermenskennisgewings R. 1212 van 15 Desember 1961, R. 512 van 30 Maart 1962, R. 691 van 10 Mei 1963, R. 1223 van 9 Augustus 1963, R. 1922 van 13 Desember 1963, R. 940 van 26 Junie 1964, R. 1181 van 13 Augustus 1965, R. 1778 van 12 November 1965, R. 1961 van 10 Desember 1965, R. 85 van 20 Januarie 1967, R. 230 van 24 Februarie 1967, R. 801 van 16 Mei 1969, R. 1012 van 20 Junie 1969, R. 3114 van 15 Augustus 1969, R. 1011 van 18 Junie 1971, R. 1976 van 29 Oktober 1971, R. 2314 van 24 Desember 1971, R. 423 van 24 Maart 1972, R. 1339 van 4 Augustus 1972, R. 1767 van 6 Oktober 1972, R. 166 van 9 Februarie 1973, R. 299 van 2 Maart 1973, R. 2231 van 30 November 1973, R. 1601 van 13 September 1974, R. 83 van 10 Januarie 1975, R. 787 van 14 Mei 1976, R. 2029 van 29 Oktober 1976, R. 12 van 7 Januarie 1977, R. 937 van 5 Mei 1978, R. 1867 van 15 September 1978, R. 1492 van 6 Julie 1979, R. 2286 van 12 Oktober 1979, R. 2404 van 26 Oktober 1979, R. 32 van 4 Januarie 1980, R. 2332 van 30 Oktober 1981 en R. 2410 van 6 November 1981 word hierby verder as volg gewysig:

Deur die toevoeging met ingang van 4 Junie 1982 van Bank Windhoek Beperk by die lys van gemagtigde handelaars vir die doeleindes van die Dewiesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermenskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961.

No. R. 98, 1982

**REGULATIONS FOR THE ADMINISTRATION OF LEBOWA.—AMENDMENT OF PROCLAMATION R. 31 OF 1982**

Under and by virtue of the powers vested in me by section 25 of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 (1) of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby amend the Schedule to Proclamation R. 31 of 1982, by the substitution for subregulation (1) of regulation 4 of the following subregulation:

“(1) The Minister, on the authority of the Cabinet, may, without prior notice to the person concerned, issue an order against any person who treats the kgosi or headman to whose authority he is subject, with disrespect, contempt or ridicule, or fails or neglects to show that respect and obedience to such kgosi or headman as shall be shown in accordance with tribal law and custom, prohibiting him from entering into, being in or remaining in such part of Lebowa as shall be specified in such order for such period as the Minister may determine.”.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-first day of May One thousand Nine hundred and Eighty-two.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

**GOVERNMENT NOTICES**

**DEPARTMENT OF FINANCE**

No. R. 1060

4 June 1982

**EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.—APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER**

Paragraph 3 (a) of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961, as amended under Government Notices R. 1212 of 15 December 1961, R. 512 of 30 March 1962, R. 691 of 10 May 1963, R. 1223 of 9 August 1963, R. 1922 of 13 December 1963, R. 940 of 26 June 1964, R. 1181 of 13 August 1965, R. 1778 of 12 November 1965, R. 1961 of 10 December 1965, R. 85 of 20 January 1967, R. 230 of 24 February 1967, R. 801 of 16 May 1969, R. 1012 of 20 June 1969, R. 3114 of 15 August 1969, R. 1011 of 18 June 1971, R. 1976 of 29 October 1971, R. 2314 of 24 December 1971, R. 423 of 24 March 1972, R. 1339 of 4 August 1972, R. 1767 of 6 October 1972, R. 166 of 9 February 1973, R. 299 of 2 March 1973, R. 2231 of 30 November 1973, R. 1601 of 13 September 1974, R. 83 of 10 January 1975, R. 787 of 14 May 1976, R. 2029 of 29 October 1976, R. 12 of 7 January 1977, R. 937 of 5 May 1978, R. 1867 of 15 September 1978, R. 1492 of 6 July 1979, R. 2286 of 12 October 1979, R. 2404 of 26 October 1979, R. 32 of 4 January 1980, R. 2332 of 30 October 1981 and R. 2410 of 6 November 1981 is hereby further amended as follows:

By the addition with effect from 4 June 1982 of Bank Windhoek Limited to the list of authorised dealers for the purpose of the Exchange Control Regulations published under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961.

No. R. 1066 4 Junie 1982

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964**

**WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/707)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies en van Nywerheidswese, Handel en Toerisme.

No. R. 1066 4 June 1982

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964**

**AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/707)**

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance and of Industries, Commerce and Tourism.

**BYLAE**

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
315.08	Deur voor tariefpos No. 44.25 die volgende in te voeg: "38.19 Nie-saamgekoekte metaalkarbiede, onderling gemeng of met metaalbinders gemeng, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Nywerheidswese, Handel en Toerisme by bepaalde permit toelaat, vir die vervaardiging van punte vir rotsbore	Volle reg"

*Opmerking.*— Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op sekere nie-saamgekoekte metaalkarbiede vir die vervaardiging van punte vir rotsbore.

**SCHEDULE**

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
315.08	By the insertion before tariff heading No. 44.25 of the following: "38.19 Non-agglomerated metal carbides, mixed together or mixed with metallic binders, in such quantities and at such times as the Director-General: Industries, Commerce and Tourism may allow by specific permit, for the manufacture of tips for rock drilling bits	Full duty"

*Note.*— Provision is made for a rebate of the full duty on certain non-agglomerated metal carbides for the manufacture of tips for rock drilling bits.

**DEPARTEMENT VAN GESONDHEID EN WELSYN**

No. R. 1061 4 Junie 1982

**BEAMPTES WAT KRAGTENS ARTIKEL 74 (1) VAN DIE WET OP GEESTESGESONDHEID, 1973 (WET 18 VAN 1973), 'N BEVEL, LASBRIEF OF DOKUMENT MAG TEKEN**

Die Minister van Gesondheid en Welsyn het kragtens artikel 74 (1) van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), die bekleërs van ondergemelde poste in die Departement van Gesondheid en Welsyn, in die plek van die bekleërs van die poste genoem in Goewermentsken-nisgewing 2887 van 28 Desember 1979, aangewys om 'n bevel, lasbrief of dokument wat ingevolge daardie Wet deur die Minister uitgereik kan word, te onderteken:

- Direkteur-generaal.
- Adjunk-direkteurs-generaal.
- Hoofdirekteur—Gesondheidsorg.
- Direkteur—Geestesgesondheid.
- Adjunk-direkteur—Geestesgesondheid.
- Assistent-Direkteur—Geestesgesondheid.
- Beheer- Administratiewe Beampte—Geestesgesondheid.

**DEPARTMENT OF HEALTH AND WELFARE**

No. R. 1061 4 June 1982

**OFFICERS WHO, IN TERMS OF SECTION 74 (1) OF THE MENTAL HEALTH ACT, 1973 (ACT 18 OF 1973), MAY SIGN AN ORDER, WARRANT OR DOCUMENT**

The Minister of Health and Welfare has, in terms of section 74 (1) of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), delegated to the incumbents of the undermentioned posts in the Department of Health and Welfare, instead of to the incumbents of the posts mentioned in Government Notice 2887 of 28 December 1979, the authority to sign an order, warrant or document, which may, in terms of that Act, be issued by the Minister:

- Director-General.
- Deputy Directors-General.
- Chief Director—Health Care.
- Director—Mental Health.
- Deputy Director—Mental Health.
- Assistant Director—Mental Health.
- Administrative Control Officer—Mental Health.

No. R. 1062

4 Junie 1982

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN SPESIALITEITE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD ALVORENS HULLE SPESIALITEITE GEREGISTREER KAN WORD, DIE OMSTANDIGHEDE WAARIN ENIGE AANSOEKER OM REGISTRASIE VAN SODANIGE VEREISTES VRYGESTEL WORD EN DIE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN DIE PRAKTYK VAN GENEESHERE EN TANDARTSE WIE SE SPESIALITEITE GEREGISTREER IS.—WYSIGING

Die Minister van Gesondheid en Welsyn het op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 61 (1) (p) gelees met artikel 61 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

## BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2276 van 3 Desember 1976, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 1830 van 16 September 1977, R. 444 van 10 Maart 1978, R. 812 van 20 April 1979, R. 1098 van 22 Mei 1981 en R. 1788 van 28 Augustus 1981.

2. Opmerking (3) van die opmerkings by regulasie 4 (4) van die regulasies word hierby deur die volgende opmerking vervang:

"(3) Ondervinding van minder as ses maande in 'n hospitaal of inrigting word nie as bevredigende ondervinding soos in regulasie 4 (4) voorgeskryf beskou nie, tensy—

(a) die betrokke persoon 'n tydperk van minder as ses maande ondervinding nodig het om die voorgeskrewe vier jaar opleiding te voltooi;

(b) die betrokke persoon met die toestemming van die betrokke geneeskundige fakulteit sy opleiding afwissel met opleiding in opleidingsposte wat deur die Raad erken word, in die verskillende geneeskundige fakulteite in Suid-Afrika in die betrokke dissipline."

3. Regulasie 5 (3) van die regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"5 (3) dat hy drie jaar bevredigende kliniese ondervinding opgedoen het as bekleër van 'n voltydse kliniese betrekking wat vir die Raad aanneemlik is aan 'n erkende universiteit, tandheelkundige skool, hospitaal of soortgelyke inrigting of afdeling wat bevredigende geleentheid bied vir die studie van die bepaalde spesialiteit, behalwe dat in die geval van die spesialiteit mondpatologie die voorgeskrewe tydperk van voltydse ondervinding vier jaar is, waarvan twee jaar deurgebring moet word in die departement anatomiese patologie van 'n erkende opleidingshospitaal of inrigting."

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 1065

4 Junie 1982

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL 81 (1) VAN DIE  
WET OP PROKUREURS, 1979 (WET 53 VAN 1979)

Die Minister van Justisie het na oorlegpleging met die Hoofregter van Suid-Afrika, en na oorlegpleging met die presidente van die verskillende ordes, kragtens artikel 81

No. R. 1062

4 June 1982

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCIL

REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION OF SPECIALITIES OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS, THE REQUIREMENTS TO BE SATISFIED BEFORE THEIR SPECIALITIES CAN BE REGISTERED, THE CIRCUMSTANCES IN WHICH ANY APPLICANT FOR REGISTRATION SHALL BE EXEMPTED FROM SUCH REQUIREMENTS AND THE CONDITIONS IN RESPECT OF THE PRACTICE OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS WHOSE SPECIALITIES HAVE BEEN REGISTERED.—AMENDMENT

The Minister of Health and Welfare has, on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, in terms of section 61 (1) (p) read with section 61 (4) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), made the regulations set out in the Schedule hereto.

## SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, "the regulations" means the regulations published under Government Notice R. 2276 of 3 December 1976, as amended by Government Notices R. 1830 of 16 September 1977, R. 444 of 10 March 1978, R. 812 of 20 April 1979, R. 1098 of 22 May 1981 and R. 1788 of 28 August 1981.

2. The following note is hereby substituted for note (3) of the notes to regulation 4 (4) of the regulations:

"(3) Experience in a hospital or institution of less than six months' duration shall not be regarded as satisfactory experience as prescribed under regulation 4 (4), unless—

(a) the person concerned needs less than six months' experience for the completion of the prescribed training of four years;

(b) the person concerned, with the permission of the medical faculty concerned, varies his training in training posts recognised by the Council in the various medical faculties in South Africa in the relevant discipline."

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 5 (3) of the regulations:

"5 (3) that he has had three years' acceptable clinical experience as holder of a full-time clinical appointment acceptable to the Council in a recognised university, dental school, hospital, or similar institution or department which provides satisfactory opportunity for the study of the particular speciality, except that in the case of the speciality oral pathology the prescribed period of full-time experience shall be four years, two years of which shall have been spent in the department of anatomical pathology of a recognised teaching hospital or institution."

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 1065

4 June 1982

REGULATIONS UNDER SECTION 81 (1) OF THE  
ATTORNEYS ACT, 1979 (ACT 53 OF 1979)

The Minister of Justice has after consultation with the Chief Justice of South Africa and after consultation with the presidents of the various societies, under section 81 (1) of

(1) van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet 53 van 1979), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 638 van 23 April 1937, soos gewysig, soos volg gewysig:

1. Die invoeging van die volgende regulasie na regulasie 1:

“1A. Zimbabwe word vir die doeleindes van artikel 13 (1) (a) (i) van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet 53 van 1979), goedgekeur en vir die doeleindes van artikel 13 (1) (a) (ii) van genoemde Wet aangewys.”

2. Die invoeging van die volgende regulasies na regulasie 7:

(1) “7A. Iemand bedoel in artikel 13 (1) van die Wet op Prokureurs, 1979, wat kragtens die Wet as prokureur toegelaat en ingeskryf wil word en wat voor 22 Mei 1981 in die Toelating van Prokureurksamen van Zimbabwe geslaag het, word vrygestel van die praktiese eksamen bedoel in artikel 14 (1) (a), (b) en (c) van genoemde Wet.”;

(2) “7B. Iemand wat voor 22 Mei 1981 as notaris of transportbesorger, na gelang van die geval, deur die hooggeregshof of hoëhof van Zimbabwe toegelaat is, is vir die doel van toelating as notaris of transportbesorger, na gelang van die geval, ingevolge artikel 18 van die Wet op Prokureurs, 1979, vrygestel van die praktiese eksamen bedoel in artikel 14 (1) (d) of (e).”; en

(3) “7C. Iemand bedoel in artikel 13 (1) (a) (ii) van die Wet op Prokureurs, 1979, wat ingevolge die Wet as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf is, moet vir die tydperk bedoel in artikel 13A van genoemde Wet, as 'n professionele assistent van 'n prokureur wat kragtens die Wet geregtig is om 'n klerk onder leerkontrak in diens te hê, praktiseer in die kantoor en onder die persoonlike toesig in bedoelde kantoor van bedoelde prokureur alvorens hy geregtig is om die beroep van prokureur vir eie rekening te beoefen.”.

the Attorneys Act, 1979 (Act 53 of 1979), amended the regulations published under Government Notice R. 638 of 23 April 1937, as amended, as follows:

1. The insertion after regulation 1 of the following regulation:

“1A. Zimbabwe is approved for the purposes of section 13 (1) (a) (i) of the Attorneys Act, 1979 (Act 53 of 1979), and designated for the purposes of section 13 (1) (a) (ii) of the said Act.”

2. The insertion after regulation 7 of the following regulations:

(1) “7A. Any person referred to in section 13 (1) of the Attorneys Act, 1979, who wishes to be admitted and enrolled under the Act as an attorney and who has passed the Attorney's Admission Examination of Zimbabwe before 22 May 1981 shall be exempted from the practical examination referred to in section 14 (1) (a), (b) and (c) of the said Act.”;

(2) “7B. Any person who has been admitted by the supreme court or high court of Zimbabwe as a notary or conveyancer, as the case may be, before 22 May 1981 shall in terms of section 18 of the Attorneys Act, 1979, for the purposes of admission as a notary or conveyancer, as the case may be, be exempted from the practical examination referred to in section 14 (1) (d) or (e).”; and

(3) “7C. Any person referred to in section 13 (1) (a) (ii) of the Attorneys Act, 1979, who has been admitted and enrolled as an attorney under the Act shall for the period referred to in section 13A of the said Act practise as a professional assistant of an attorney who is entitled under the Act to have a clerk under articles, in the office of and under the personal supervision in the office referred to of the attorney referred to, before he shall be entitled to practise the profession of an attorney for his own account.”.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

No. R. 1064

4 Junie 1982

Die Minister van Landbou en Visserye het die volgende regulasies kragtens artikel 39, gelees met artikels 3, 4A, 6A, 11, 14, 15, 15A, 21, 23 en 27, van die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spirituallieë, 1957 (Wet 25 van 1957), uitgevaardig:

**REGULASIES BETREFFENDE DIE PRODUKSIE OF VERVAARDIGING, INVOER, UITVOER EN ETIKETTERING VAN WYN, ANDER GEGISTE DRANK EN SPIRITUALIEË.—WYSIGING**

### Woordomskrywing

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings in hierdie regulasies dieselfde betekenis as in die Wet en die regulasies daaraan toegeken, en beteken “die regulasies”, die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2544 van 19 Desember 1980, soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 385 van 20 Februarie 1981, R. 1421 van 10 Julie 1981, R. 2162 van 9 Oktober 1981 en R. 407 van 12 Maart 1982.

### Wysiging van regulasie 3

2. Regulasie 3 van die regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die volgende paragraaf na paragraaf (g) (vii) in te voeg:

“(h) blanc de noir-wyn;

(i) roséwyn”; en

(b) deur in subregulasie (2) paragraaf (a) te skrap.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

No. R. 1064

4 June 1982

The Minister of Agriculture and Fisheries has made the following regulations under section 39, read with sections 3, 4A, 6A, 11, 14, 15, 15A, 21, 23 and 27 of the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act 25 of 1957):

**REGULATIONS RELATING TO THE PRODUCTION OR MANUFACTURE, IMPORT, EXPORT AND LABELLING OF WINE, OTHER FERMENTED BEVERAGES AND SPIRITS.—AMENDMENT**

### Definitions

1. Unless the context otherwise indicates, words and phrases in these regulations shall have the meaning assigned thereto in the Act and the regulations, and “the regulations” means the regulations published under Government Notice R. 2544 of 19 December 1980, as amended by the regulations published under Government Notices R. 385 of 20 February 1981, R. 1421 of 10 July 1981, R. 2162 of 9 October 1981 and R. 407 of 12 March 1982.

### Amendment of regulation 3

2. Regulation 3 of the regulations is hereby amended—

(a) by the insertion in subregulation (1) after paragraph (g) (vii) of the following paragraphs:

“(h) blanc de noir wine;

(i) rosé wine.”; and

(b) by the deletion in subregulation (2) of paragraph (a).

*Invoeging van regulasies 10A en 10B*

3. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 10 van die regulasies ingevoeg:

*"Vereistes vir blanc de noir-wyn*

10A. Blanc de noir-wyn in regulasie 3 (1) (h) bedoel, moet vir die doeleindes van artikel 3 (3) van die Wet—

(a) 'n wyn in regulasie 4 of 5 bedoel, wees wat uitsluitlik van druiwe van 'n rooidruifcultivar vir dié doel deur die raad goedgekeur, geproduseer of vervaardig is;

(b) 'n optiese digtheid, gemeet in 'n 10-mm-glas-cuvette, van hoogstens 0,25 by 420 nanometers en hoogstens 0,15 by 520 nanometers hê.

*Vereistes vir roséwyn*

10B. Roséwyn in regulasie 3 (1) (i) bedoel, moet vir die doeleindes van artikel 3 (3) van die Wet—

(a) 'n wyn in regulasie 4 of 5 bedoel, wees;

(b) 'n optiese digtheid, gemeet in 'n 10-mm-glas-cuvette, van minstens 0,3 maar hoogstens 0,7 by 420 nanometers, en minstens 0,25 maar hoogstens 0,7 by 520 nanometers, hê."

*Wysiging van regulasie 11*

4. Regulasie 11 van die regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) die volgende paragraaf na paragraaf (b) in te voeg:

"(c) in die geval van blanc de noir-wyn, sodanige wyn as 'n wyn van oorsprong gesertifiseer is."

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) 'n Woord of uitdrukking in regulasie 3 (2) bedoel, mag slegs in verband met die verkoop of uitvoer van 'n bepaalde klas, tipe of graad wyn gebruik word indien die gebruik van sodanige woord of uitdrukking geen redelike twyfel kan laat oor welke besondere klas, tipe of graad wyn daardeur aangedui word nie: Met dien verstande dat die uitdrukkings 'rosé blanc' en 'blanc rosé' nie in verband met die verkoop of uitvoer van wyn gebruik mag word nie."; en

(c) deur paragraaf (a) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die bepaling van subregulasies (1) en (2) is nie van toepassing nie op die gebruik van die uitdrukkings 'ekstra-droog', 'droog', 'half-droog', 'semi-soet' en 'soet', of enige vertaling of vervorming van sodanige uitdrukkings, in verband met die verkoop of uitvoer van vonkelwyn, dessertwyn en likeurwyn."

*Wysiging van regulasie 18*

5. Regulasie 18 van die regulasies word hierby gewysig—

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) (a) Behalwe waar uitdruklik in hierdie Deel anders bepaal, mag 'n aanduiding slegs in verband met die verkoop of uitvoer van wyn gebruik word indien die betrokke wyn met betrekking tot so 'n aanduiding gesertifiseer is.

(b) Die belyings van paragraaf (a) word nie so uitgelê nie dat dit 'n verbod insluit op die gebruik van die naam van 'n landgoed of produksiegebied wat ingevolge artikel 22 van die Wet omskryf is, in enige besigheidsnaam, besigheidsadres, landkaart, reklamestuk of advertensie in verband met die verkoop of uitvoer van ander wyn as landgoedwyn of wyn van oorsprong van die betrokke landgoed of produksiegebied.

*Insertion of regulations 10A and 10B*

3. The following regulations are hereby inserted after regulation 10 of the regulations:

*"Requirements for blanc de noir wine*

10A. Blanc de noir wine referred to in regulation 3 (1) (h) shall for the purpose of section 3 (3) of the Act—

(a) be a wine referred to in regulation 4 or 5 which is produced or manufactured solely from grapes of a red grape variety approved by the board for this purpose;

(b) have an optical density, measured in a 10 mm glass cuvette, of not more than 0,25 at 420 nanometres and not more than 0,15 at 520 nanometres.

*Requirements for rosé wine*

10B. Rosé wine referred to in regulation 3 (1) (i) shall for the purposes of section 3 (3) of the Act—

(a) be a wine referred to in regulation 4 or 5;

(b) have an optical density, measured in a 10 mm glass cuvette, of at least 0,3 but not more than 0,7 at 420 nanometres, and at least 0,25 but not more than 0,7 at 520 nanometres."

*Amendment of regulation 11*

4. Regulation 11 of the regulations is hereby amended—

(a) by the insertion in subregulation (1) after paragraph (b) of the following paragraph:

"(c) in the case of blanc de noir wine, such wine is certified as a wine of origin."

(b) by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) A word or expression referred to in regulation 3 (2) shall only be used in connection with the sale or export of a particular class, type or grade of wine if the use of such word or expression will leave no reasonable doubt as to which particular class, type or grade of wine is indicated thereby: Provided that the expressions 'rosé blanc' and 'blanc rosé' shall not be used in connection with the sale or export of wine."; and

(c) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (3) of the following paragraph:

"(a) The provisions of subregulations (1) and (2) shall not apply to the use of the expressions 'extra dry', 'dry', 'semi-dry', 'semi-sweet' and 'sweet', or any translation or transformation of such expressions, in connection with the sale or export of sparkling wine, dessert wine and liqueur wine."

*Amendment of regulation 18*

5. Regulation 18 of the regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) (a) Except where expressly provided otherwise in this Part, an indication may only be used in connection with the sale or export of wine if the wine concerned is certified in relation to such indication.

(b) The provisions of paragraph (a) shall not be construed so as to include a prohibition on the use of the name of an estate or an area of production which has been defined in terms of section 22 of the Act, in any business name, business address, map, promotion material or advertisement in connection with the sale or export of wine other than an estate wine or a wine of origin of the estate or area of production concerned.



(c) Wanneer die naam van 'n landgoed of produksiegebied ingevolge die bepalings van paragraaf (b) gebruik word, mag dit slegs aldus gebruik word op 'n wyse wat nie in enige opsig die indruk kan skep dat die wyn in verband waarmee dit gebruik word, 'n landgoedwyn of 'n wyn van oorsprong van die betrokke landgoed of produksiegebied is nie.”;

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Die woorde of uitdrukkings ‘oesjaar’ en ‘vintage’ in artikel 21 (1) (d) van die Wet bedoel, mag slegs in verband met die verkoop of uitvoer van wyn gebruik word indien—

(a) die betrokke wyn as 'n oesjaarwyn gesertifiseer is;

(b) in die geval van wyn wat nie aldus gesertifiseer is nie en ten opsigte waarvan aangedui word dat daardie wyn 'n rooiwyn of 'n port is, geen jaartal in verband met die verkoop of uitvoer van die betrokke wyn aangedui word nie en sodanige wyn voor 1 Januarie 1984 aldus verkoop of uitgevoer word.”; en

(c) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(3) Die woorde of uitdrukkings ‘laat-oes’, ‘late harvest’ en ‘late vintage’ in artikel 21 (1) (d) van die Wet bedoel, of gelykluidende woorde of uitdrukkings, of enige vertaling of vervoorming van sodanige woorde of uitdrukkings, mag slegs in verband met die verkoop of uitvoer van wyn gebruik word indien die betrokke wyn aan die vereistes in regulasie 6 vir 'n laat-oeswyn uiteengesit, voldoen.”.

#### *Wysiging van regulasie 22*

